higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Eerste Vraestel)
**NKR VLAK 3**

(4101053)

**8 November 2019 (Y-Vraestel)**
**13:00–15:30**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 2 bylaes.**

**TYD: 2½ UUR**
**PUNTE: 150**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings met TWEE BYLAES:

   AFDELING A: Leesbegrip
   AFDELING B: Opsomming
   AFDELING C: Visuele tekste
   AFDELING D: Funksionele taalgebruik
   AFDELING E: Kommunikasie in praktyk

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

6. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n NUWE bladsy.

7. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek 'n duidelike streep deur rofwerk wat nie nagesien moet word nie. Waar jy dit nie doen nie, sal jou eerste poging nagesien word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: INTERNETARTIKEL**

Lees die onderstaande internetartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## Moeder TERESA'

'Moeder Teresa' is op 26 Augustus 1910 gebore as Agnes Gonxha Bojaxhiu. Sy was die dogter van Albaniese (nou bekend as Joegoslawië/Bosnië) ouers. In 1997 sterf sy aan 'n hartaanval. Moeder Teresa het op 6 Januarie 1929 in Indië aangekom waar sy die behoeftiges begin bedien en na 'n tyd die nou wêreldwye organisasie Missionaries of Charity gestig het.

Mettertyd is 500 sendings in 100 lande gestig. Tog het Moeder Teresa en haar medewerkers nooit met al hierdie wonderlike werke gepoog om diegene wat selfs op hul sterfbed gelê het na Jesus te lei nie. Inteendeel, sy het verklaar: 'Wanneer ons van aangesig tot aangesig kom met God en ons aanvaar Hom in ons lewe, dan kom ons tot bekering. Ons word 'n beter Hindoe, 'n beter Moslem, 'n beter Katoliek, 'n beter wat ons ook al is… Dit wat God in jou gedagte is, dit moet jy aanvaar.'

Hoe het Moeder Teresa so 'n groot ikoon van liefdadigheid en heiligheid geword?
Haar groot kans op beroemdheid het gekom nadat Malcolm Muggeridge, 'n Britse politikus, haar as sy alter ego aangeneem het. In 1969 vervaardig hy 'n trefferfilm oor haar lewe en later 'n boek, *Something Beautiful for God*.

Sy was oombliklik 'n groot sukses onder getroues en 'n baie goeie advertensie om niegelowiges sowel as nie-Katolieke aan te trek. En nog 'n groot bonus was dat sy 'n baie groot wapen in die hand van die destydse Pous teen die uitdagings van die Reformiste binne die Katolieke Kerk was. Moeder Teresa het net op die regte tydstip op die toneel verskyn en Rome se saak 'n geweldige hupstoot gegee.

Van die toekennings wat Moeder Teresa ontvang het, sluit die volgende in:

- Die eerste Pous Johannes XXIII-Vredesprys (1971);
- Die Kennedyprys (1971);
- Die Nehruprys vir die bevordering van internasionale vrede en begrip (1972);
- Die Internasionale Albert Schweitzer-prys (1975);
- Die Nobelprys vir Vrede (1979);
- Die Presidensiële Staatsmedalje vir Vryheid (1985);
- Die Goue Kongresmedalje (1994); en
- Ereburgerskap van die Verenigde State (November 16, 1996).

Die sekulêre wêreld het haar in 1979 vereer met die Nobelprys vir Vrede sowel as met toekennings uit vele ander oorde. In Junie 1985 is sy deur president Reagan vereer met die hoogste toekenning wat aan 'n siviele persoon toegeken kan word: 'The Medal of Freedom'.

In Oktober 1985 ontvang sy die warmste en hartlikste ontvangs by die 40ste herdenking en feesvieringe van die Verenigde Nasies. Op daardie geleentheid het die wêreld, die Katolieke en Protestante saam en sonder voorbehoud, applous gegee aan Moeder Teresa.

Moeder Teresa was deur-en-deur 'n Katoliek. Sy was ook 'n getroue aanbidder van 'Moeder Maria' (Queen of Heaven); sy het geglo die skyfie van die Nagmaal word werklik Jesus Christus, en sy het geglo alle mense is kinders van God.

Ons is hier saam bymekaar om dank te bring aan God vir die 40 jaar se mooi werk van die Verenigde Nasies vir die beswil van die mensdom. Geen kleur, geen godsdiens, geen nasionaliteit moet tussen ons kom nie. Ons is almal kinders van God.

[Bron: *http://sewegemeentes*.wixsite.com/sewegemeentes/moeder-teresa]

1.1 Wat is Moeder Teresa se geboortename? (1)

1.2 Wanneer en waar is Moeder Teresa gebore? (2)

1.3 *Moeder Teresa leef vandag nog.*

Is die stelling hier bo waar? Skryf slegs JA of NEE in jou ANTWOORDBOEK en motiveer jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal. (2)

1.4 Wanneer het Moeder Teresa in Indië aangekom? (1)

1.5 Watter liefdadigheidsorganisasie het Moeder Teresa in Indië gestig en waarmee het sy haar daar besig gehou? (2)

1.6 In hoeveel lande is die liefdadigheidsorganisasie waarna jy in VRAAG 1.5 verwys het tans werksaam? (1)

1.7 Het Moeder Teresa ooit probeer om sterwende pasiënte tot haar geloof te bekeer? Skryf slegs JA of NEE in jou ANTWOORDBOEK en motiveer jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal. (2)

1.8 Aan watter geloof of kerkgenootskap het Moeder Teresa behoort? (1)

1.9 Watter Britse politikus het haar as 'n alter ego aangeneem in 'n boek wat hy geskryf het? (1)

1.10 *Die fliek wat in 1969 oor haar lewe gemaak is, was baie gewild en beroemd.*

Is die stelling hier bo waar? Skryf slegs JA of NEE in jou ANTWOORDBOEK en motiveer jou antwoord deur EEN woord uit die teks aan te haal. (2)

1.11 Moeder Teresa het 'n magtige wapen geword in die hand van die hoof van die Katolieke Kerk.

1.11.1 Wat noem 'n mens die hoof van die Katolieke Kerk?

1.11.2 In watter wêreldstad sal ons die hoof van die Katolieke Kerk vind?
(2 × 1) (2)

1.12 Noem TWEE van die talle toekennings wat Moeder Teresa ontvang het. (2)

1.13 In 1979 is sy met die bekendste vredesprys vereer.

Wat is die naam van hierdie vredesprys? (1)

1.14 Watter TWEE Christelike groepe het saam vir haar applous gegee toe sy in Oktober 1985 by die Verenigde Nasies opgetree het? (2)

1.15 Watter heilige het Moeder Teresa getrou aanbid? (1)

1.16 Wat het Moeder Teresa geglo word deur die nagmaalskyfie (broodjie) gesimboliseer? (1)

1.17 Moeder Teresa was volgens hierdie artikel 'n ongelooflike vrou en mens.

Watter kenmerk van haar staan vir jou in die besonder uit? (1)
**[25]**

**VRAAG 2: TYDSKRIFADVERTENSIE**

Bestudeer die tydskrifadvertensie BYLAE A (aangeheg) noukeurig en beantwoord die vrae.

2.1 2.1.1 Watter soort vakansie word in hierdie advertensie bemark?

2.1.2 Watter bestemming word in hierdie advertensie bemark?
(2 × 1) (2)

2.2 Hoe lank is die vaart op die MSC Simfonia? (1)

2.3 Naby watter land is die Portugese Eilande? (1)

2.4 'n Bekende Afrikaanse sanger gaan tydens die vaart die gaste vermaak.

2.4.1 Wie is die sanger?

2.4.2 In hoeveel vertonings gaan hy optree?
(2 × 1) (2)

2.5 Watter TWEE aktiwiteite kan jy op Dag 1 van die vaart geniet? (2)

2.6 Die Portugese Eilande bied talle eilandaktiwiteite vir die besoekers aan.

Noem TWEE van hierdie aktiwiteite vir Dag 2. (2)

2.7 Hoeveel gaan jy en jou vriendin ELK betaal vir hierdie vaart as julle bereid is om 'n kajuit met 'n see-uitsig te deel? (1)

2.8 Watter nommer moet jy skakel om jou plek te bespreek? (1)

2.9 Noem die kodenaam wat jy moet gee om vir die afslag in aanmerking te kom wanneer jy bespreek. (1)

2.10 Moet jy ekstra betaal vir jou etes?

Skryf slegs JA of NEE in die ANTWOORDBOEK en motiveer jou antwoord. (2)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL**

**INSTRUKSIES:**

Lees die uittreksel hier onder aandagtig deur en volg die opdragte.

- Skryf SEWE wenke neer oor hoe jy bejaardes kan help om teen depressie te stry.
- Skryf elke wenk as hoofgedagte in 'n goeie volsin neer.
- Skryf jou sinne ondermekaar en nommer dit van 1 tot 7.
- Laat 'n reël oop tussen sinne.
- Jou opsomming mag nie langer as 80 woorde wees nie.
- Dui die GETAL WOORDE aan die einde van die opsomming aan.

**HOE OM BEJAARDES TE HELP MET DEPRESSIE**

Moedig ouer mense aan om gesond te eet en ligte oefening by hul daaglikse roetine in te sluit, omdat dit 'n groot uitwerking op hul welstand kan hê. Die handhawing van 'n gesonde roetine is baie goed vir 'n bejaarde.

Doen dinge saam met hulle soos om te gaan stap, inkopies te doen of kos te maak. Dit beur ouer persone se gemoed op en laat hulle voel hulle kry ondersteuning.

Laat hulle verstaan dat jy daar is vir hulle as hulle ooit iemand nodig het. Doen moeite om te vra hoe dit gaan en moedig hulle aan om oop te maak oor hoe hulle voel. Dit kan regtig waardevol wees om ouer mense aan te moedig om nuwe dinge te probeer. Laat hulle aansluit by boekklubs, eteklubs of aktiewe organisasies of groepe in jou omgewing.

Navorsing het bewys dat deelnemers wat minstens een of twee keer per week aan 'geestelik stimulerende' aktiwiteite deelneem soos om speletjies te speel, beduidend minder geneig is om depressief te voel.

Vertel bejaardes van al die waardevolle ondersteuningsopsies wat beskikbaar is. Van ons ouer mense kan byvoorbeeld nie die huis verlaat om terapiesessies by te woon nie. In sulke gevalle kan terapie via 'n webkamera of telefonies aangebied word.'

Dikwels is die eerste stap, wanneer jy iemand anders wil help om self hul situasie te probeer verstaan, om te verseker dat jy soveel as moontlik inligting deur navorsing inwin sodat jy hul met advies kan bedien.

[Verwerk uithttps://www.goeiehuishouding.co.za/7-maniere-om-n-geliefde-met-angs-of-depressie-te-help/] **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: LEES EN KYK

### VRAAG 4: MEDIATEKSTE

Bestudeer die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

### Kleuterkunskompetisie



Die Vereniging vir Voorskoolse Opvoeding en Sorg (VVOS), in samewerking met Gryskrag en die tydskrif *Plus 50*, bied vanjaar weer 'n kunskompetisie aan – die 2018 Finbond Mutualbank Kleuterkunskompetisie, vir kinders tussen 3 en 6 (geboortedatum 2012-2015).

Die tema vir hierdie jaar is **Ek spaar vir...**
Dié tema is gekies om kinders bewus te maak van spaar en om hulle iets te leer van 'n verantwoordelike manier om geld uit te gee. Die kunswerkies kan moontlik vertel van spaar vir 'n nuwe speelding, 'n fiets of 'n reis na die maan. Dit kan wys wat hulle wil hê vir hulle self, hul familie of hul troeteldier.

**Erkenning**
Daar sal pryse wees vir die wenners in elke kategorie sowel as vir die skool of sentrum met die meeste inskrywings. Elke kunstenaar wat 'n geldige kunswerk inskryf, sal na die finale beoordeling 'n sertifikaat van deelname ontvang.

'n Kunsuitstalling en pryswennerseremonie sal gehou word. Die deelnemers, hulle ouers en grootouers word na 'n spesiale oggendgeleentheid uitgenooi waar 'n gaskunstenaar sal optree en pryse uitgedeel word.

**Kompetisiereëls**
Die kunswerk kan 'n tekening of skildery wees, of 'n kombinasie daarvan. Die oppervlak moet plat wees, geen collage nie. Die voorgeskrewe grootte is A3.

Die onderwyser of ouer moet die kunswerk op die voorgeskrewe kleur volgens ouderdomsgroep monteer en 'n etiket (ingesluit by die inskrywingsvorm) in die onderste regterhoek plak. Gee die kunswerk 'n titel.

Die finale gemonteerde grootte van die kunswerk moet A3 wees. Sny 'n strook van 1 cm rondom die kunswerk af en monteer dit op 'n A3-karton met die toepaslike kleur. Die kind se geboortejaar word as kategorie gebruik:

- 2015 (word 3 jaar oud): Oranje omranding
- 2014 (word 4 jaar oud): Geel omranding
- 2013 (word 5 jaar oud): Rooi omranding
- 2012 (word 6 jaar oud): Groen omranding

Indien verkies, kan die buitelyne met 'n swart merkpen getrek word. Dit moet die kind se eie werk wees en dit moet in 2018 gemaak wees. Die inskrywingsfooi van R10 moet by inhandiging betaal word. Die sluitingsdatum van die kompetisie is 31 Julie 2018.

**Inskrywings**
Die kunswerke kan op 21 Julie 2018 by die WOS/AECYC-seminaar in Pretoria ingehandig word, of dit kan na Posbus 15890, Lyttleton, 0140 gepos word. Dit kan ook afgelewer word by of gekoerier word na WOS/AECYC se kantoor in Centurion. Die straatadres is Umtatalaan 117, Doringkloof, Centurion. Dit moet ons voor of op 31 Julie 2018 bereik.

Kunswerke wat nie aan die algemene voorskrifte voldoen nie, sal nie oorweeg word nie. Die besluite van die beoordeelaars is finaal en geen korrespondensie of onderhandelings sal plaasvind nie.

Die kunswerke sal nie aan die kunstenaars, familie of skool teruggestuur word nie. Maak asseblief seker dat u 'n foto van die kunswerk neem vir eie gebruik voordat u dit inhandig. Die organiseerders behou die reg voor om die kunswerke te verkoop ter stywing van die projek se fondse.

U kan gerus ook foto's van die kunswerke en van die skeppingsproses, waar die kind met sy kunswerk besig is, op die kompetisie se Faceboekblad @kleuterkuns plaas.

Die VVOS wil graag hê die kleuters moet dit geniet om deel te neem aan die projek omdat hulle graag kleuters se kreatiewe uitdrukking wil aanmoedig.

Skakel Lize by die VVOS se kantoor (012 667 2028) of stuur vir haar 'n e-pos na info@wos.co.za vir inskrywingsvorms of meer inligting.

'Like' ook asseblief die Faceboekblad by https://www.facebook.com/kleuterkuns of @kleuterkuns.



PLUS 50 FINBOND GrysKrag GreyPower 70

[Bron: *Plus 50*-Bylaag, April/Mei 2018]

4.1 In watter tydskrif en in watter maand het hierdie berig oor 'n kleuterkunskompetisie verskyn? (2)

4.2 Hoekom dink jy is die onderkant van die blad met afdrukke van hande versier? (1)

4.3 Noem TWEE van die kleuterkunskompetisie se borge. (2)

4.4 Wat gaan elke kunstenaar wat 'n geldige kunswerk vir hierdie kompetisie inskryf van die organiseerders ontvang? (1)

4.5 Wat is die maksimum grootte wat 'n kunswerk vir hierdie kompetisie mag wees? (1)

4.6 Wat is die sluitingsdatum van hierdie kleuterkunskompetisie? (1)

4.7 Elke kunswerk wat ingeskryf word, moet 'n onderskrif bevat.
WAAR of ONWAAR? Haal 'n sin uit die teks aan wat jou antwoord motiveer. (2)

4.8 Wat is die inskrywingsfooi wat elke kunswerk moet vergesel? (1)

4.9 *Die deelnemers sal hul kunswerke na afloop van die kompetisie terugkry.*

Is die stelling hier bo waar? Skryf slegs JA of NEE in jou ANTWOORDBOEK en haal 'n sin uit die teks aan om jou antwoord te motiveer. (2)

4.10 Noem TWEE metodes waarop jy met die organiseerders van hierdie kleuterkunskompetisie in verbinding kan tree. (2)

**[15]**

## VRAAG 5: BROSJURE

Bestudeer die KANSA-brosjure wat as BYLAE B by hierdie vraestel aangeheg is aandagtig en beantwoord die vrae.

5.1 Wat word in die brosjure bespreek? (1)

5.2 Noem EEN groep mense wat deel is van die brosjure se teikenmark en by die inligting daarin sal baat. (1)

5.3 Noem EEN wyse waarop die leser se aandag in hierdie brosjure getrek word. (1)

5.4 Geen kankersterfte kan voorkom word nie.

Is die stelling hier bo waar? Skryf slegs JA of NEE in jou ANTWOORDBOEK neer en haal EEN sinsdeel uit die teks aan om jou antwoord te motiveer. (2)

5.5 Soek die saamgestelde woord in die brosjure wat na kanker van die kolon en die rektum verwys. (1)

5.6 Noem die TWEE hoofmaniere waarop jy jou kankerrisiko kan verminder. (2)

5.7 Watter TWEE infeksies veroorsaak tot 20% van alle soorte kanker? (2)

5.8 As jy te veel sout oor jou kos strooi, kan jy jou risiko vir 'n spesifieke kanker verhoog.

Watter kanker kan jy vermy deur jou soutverbruik in te perk? (1)

5.9 'n Mens kan op vier maniere met KANSA in verbinding tree.

Noem enige TWEE van hierdie metodes. (2)

5.10 Hoeveel minute oefening moet kinders per dag doen om hul kankerrisiko te verminder? (1)

5.11 Hoeveel standaard alkoholiese drankies mag 'n vrou per dag drink om haar kankerrisiko te verminder? (1)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

## VRAAG 6: TYDSKRIFARTIKEL

Voltooi die sinne in KOLOM A hier onder deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.36) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B | | |
|---|---|---|---|
| **Thuli Madonsela maak haar hart oop** | | | |
| Swart, wit, (6.1 arm), ryk – vir duisende Suid-Afrikaners het (6.2 advokaat) Thuli Madonsela heldestatus verkry. Maar wie is sy werklik (6.3) | 6.1<br>6.2<br><br>6.3 | Gee 'n sinoniem.<br>Gee die afkorting.<br><br>Vul die ontbrekende leesteken in. | (1)<br>(1)<br><br>(1) |
| Ek glo 'n mens word (6.4 ...) 'n groot mate gevorm deur die (6.5 omstandighede) waarin jy grootgeword het. (6.6 In soweto) het ek as jong meisie dikwels die (6.7 harde) hand van die gereg beleef en hoe dit die gewone mense (6.8 beinvloed) het. In daardie dae is daar veral op (6.9 wat buite die wet is) immigrante jag gemaak. Ek onthou die vrees op die mense se gesigte wanneer die (6.10 *black jacks)* wat deel was van die polisiediens klopjagte uitgevoer het. | 6.4<br>6.5<br>6.6<br>6.7<br><br>6.8<br>6.9<br><br><br>6.10 | Gee die ontbrekende voorsetsel.<br>Deel die woord in lettergrepe.<br>Verbeter die punktuasie.<br>Gee die intensiewe vorm.<br><br>Korrigeer spelfout.<br>Gee een woord vir omskrywing.<br><br><br>Hoekom is hierdie woorde kursief gedruk? | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br><br>(1)<br>(1)<br><br><br>(1) |
| Selfs my ouers, Bafana en Nomasonto, albei (6.11 informele) kleinhandelaars, was al (6.12 aan die verkeerde kant van die gereg) weens streng (6.13 handel + regulasies). Ek was vier jaar oud toe my ma (6.14 in hegtenis geneem) is omdat sy lekkers en vrugte by die skool verkoop het. Dit was vreesaanjaend, want ek moes vir (6.15 48) uur alleen na my bababoetie kyk. | 6.11<br>6.12<br>6.13<br><br>6.14<br><br>6.15 | Gee die antoniem.<br>Verduidelik hierdie uitdrukking.<br>Vorm 'n samestelling.<br><br>Gee EEN woord vir omskrywing.<br><br>Skryf die getal in woorde. | (1)<br>(1)<br>(1)<br><br>(1)<br><br>(1) |
| (6.16 My pa het meer gereeld met die gereg gebots). Maar die manier (6.17 waarmee/waarop/waarin) hy dit hanteer het, het in 'n groot mate my sin vir geregtigheid beïnvloed. (6.18 Hy het vertel hoe hy vir die magistraat in die hof ore aangesit het). My pa het (6.19 ...) 'n plaas grootgeword en het nooit die (6.20 binnekant) van 'n (6.21 klaskamer) gesien nie, maar dit het hom nie gekeer om homself in die (6.22 hof) te verdedig nie. | 6.16<br>6.17<br><br>6.18<br><br>6.19<br>6.20<br>6.21<br>6.22 | Skryf in die ontkennende vorm.<br>Kies die korrekte woord.<br><br>Skryf in die direkte rede.<br><br>Voeg die korrekte voorsetsel in.<br>Gee die antoniem.<br>Gee die verkleiningsvorm.<br>Gee die meervoud. | (2)<br>(1)<br><br>(1)<br><br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |

Kopiereg voorbehou 

| | | | |
|---|---|---|---|
| My ma was bekend vir haar (6.23 welsyn + werk) in die gemeenskap. Sy sou maklik vir vreemde mense kos en | 6.23 | Vorm 'n samestelling van die twee woorde. | (1) |
| (6.24 plek om te bly) gee, net omdat sy die | 6.24 | Gee EEN woord vir omskrywing. | (1) |
| vermoë gehad het om dit (6.25 doen). | 6.25 | Gee die infinitief. | (1) |
| Ek onthou ook hoe vol ons huis was, want daar het altyd (6.26 extra/ekstra) familielede by ons gebly. | 6.26 | Kies die korrekte spelling. | (1) |
| (6.27 Ek glo ek doen in die lewe wat ek veronderstel is om te doen.) Van kleins af | 6.27 | Skryf in die ontkennende vorm. | (2) |
| wou ek altyd weet (6.28 wié het wát) gedoen. My broer herinner my graag | 6.28 | Wat is die funksie van die akuut-teken? | (1) |
| daaraan dat ek 'n (6.29 iemand wat stories aandra) was. Ek was altyd die eerste een wat die waarheid uitgeblaker het, seker | 6.29 | Gee EEN woord vir omskrywing. | (1) |
| omdat ek (6.30 lafhartig) en | 6.30 | Gee die antoniem. | (1) |
| (3.31 bang vir streepsuiker) was! | 6.31 | Verduidelik die idiomatiese uitdrukking | (2) |
| Dit was vir my ma (6.32 belangrik) dat haar | 6.32 | Gee die intensiewe vorm | (1) |
| kinders (6.33 'n goeie) opvoeding moes kry. Ek het as menseregte-prokureur | 6.33 | Gee die oortreffend trap. | (1) |
| (6.34 gespesialiseer/gespeshialiseer). Ek en my span kry dikwels met | 6.34 | Kies die korrekte spelling. | (1) |
| (6.35 'Dawid vs Goliat'-situasies) te doen om geregtigheid te laat (6.36 seevier), maar | 6.35 | Verduidelik wat met hierdie uitdrukking bedoel word. | (2) |
| hulle het gewoonlik nie die geld of kennis om hulself te verdedig nie. | 6.36 | Gee die korrekte spelling. | (1) |

[Verwerk uit: *htttps:voelgoed*.co.za/thuli-madonsela maak-haar-hart-oop-2/]

**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

## AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

### VRAAG 7: VERGADERINGSTEORIE

7.1 Verduidelik die verskil tussen openbare en private vergaderings aan die hand van 'n toepaslike voorbeeld van elk. (2 × 2) (4)

7.2 Die voorsitter speel 'n baie belangrike rol tydens vergaderings. Geen vergadering kan sonder 'n voorsitter plaasvind nie.

Noem enige VIER van die voorsitter se pligte TYDENS 'n vergadering. (4)

7.3 Die sekretaresse van 'n vergadering staan die voorsitter by.

Noem TWEE van die sekretaresse se belangrike take VOOR die aanvang van die vergadering. (2)

7.4 Kies 'n vergaderingterm uit KOLOM B wat by 'n beskrywing of voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (7.4.1–7.4.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.4.1 | 'n Besluit wat tydens 'n vergadering geneem word | A | tesourier |
| 7.4.2 | Hierdie persoon is vir die finansies verantwoordelik | B | kworum |
| 7.4.3 | Die minimum aantal lede wat teenwoordig moet wees om die vergadering wettig te verklaar | C | sekondant |
| 7.4.4 | Lys van al die items wat tydens 'n vergadering bespreek moet word | D | resolusie |
| 7.4.5 | Iemand wat 'n voorstel tydens 'n vergadering sekondeer | E | agenda |

(5 × 1) (5)

**[15]**

## VRAAG 8: ONDERHOUDE

8.1 Belangrike sleutelwoorde ontbreek in die volgende definisie van 'n onderhoud. Lees die definisie aandagtig deur en skryf slegs die korrekte langs die vraagnommer (8.1.1–8.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

'n Onderhoud is 'n (8.1.1 ...) formele ontmoeting waar die onderhoudvoerder die (8.1.2 ...) ondervra en evalueer. Tydens so 'n onderhoud word (8.1.3 ...) uitgeruil. (3 × 1) (3)

8.2 Jou gedrag word elke oomblik van 'n onderhoud geëvalueer.

Gee DRIE wenke vir goeie gedrag tydens 'n onderhoud. (3 × 1) (3)

8.3 Kies 'n soort onderhoudsvraag uit KOLOM B wat by die vraag of beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (8.3.1–8.3.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.3.1 | Hoekom het jy besluit om by Northlink-kampus gestudeer? | A | hipotetiese vraag |
| 8.3.2 | Hierdie vraag handel oor 'n spesifieke onderwerp met 'n spesifieke antwoord. | B | oop vraag |
| 8.3.3 | Wat sal jy doen as ek jou vra om vir ons maatskappy 'n nuwe korttermynplan op te stel? | C | geslote vraag |
| 8.3.4 | Ek dink mans tree hopeloos te baasspelerig in die werksplek op. Dink jy nie ook so nie? | D | spesifieke vraag |
| 8.3.5 | Het jy 'n paspoort? | E | leidende vraag |

(5 × 1) (5)

**[11]**

**VRAAG 9: AANBIEDINGS**

Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by die beskrywing of voorbeeld in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1–9.4) in jou ANTWOORDBOEK neer

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 9.1 | 'n Groep van agt persone kom bymekaar om 'n spesifieke onderwerp voor 'n gehoor te bespreek | A | inleiding |
| 9.2 | Jy moenie te hard of te sag tydens 'n toespraak praat nie; die gehoor moet jou kan hoor | B | paneelbespreking |
| 9.3 | 'n Oudiovisuele hulpmiddel wat tydens 'n aanbieding gebruik kan word | C | volume |
| 9.4 | Deel van 'n voorbereide toespraak wat die gehoor se aandag moet trek | D | PowerPoint-aanbieding |

(4 × 1) **[4]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

**BYLAE A**




[Verwerk uit: *Rooi Rose*, Augustus 2016]

**BYLAE B**




[Verwerk uit: *CANSA.org.za*]

Kopiereg voorbehou